**Maandag 5 Februarie**

| **Skrifgedeelte: Hosea 2:13-16** | **Fokusgedeelte: Hosea 2:13** |
|---|---|

# Die gehoorsame kerk

Bekering vind in fases plaas:

- Eerstens moet die sonde geïdentifiseer word. Hier is die eggenote se noodsaaklike lewensmiddele weggeneem om haar tot die besef van haar sonde te bring.
- Tweedens moet die sonde bely word. Sy moet uitspreek dat God haar Eggenoot is en nie Baäl nie.
- Derdens moet die verkeerde met die regte vervang word. Hier lees ons dat sy terug-gaan na die tyd toe sy uit Egipte verlos is, met ander woorde toe die verbond met haar gesluit is en sy dit aanvaar het.
- Vierdens moet die regte leefwyse nou nagevolg word. Hier moet sy die wingerde laat vrugte dra tot eer van haar Eggenoot en tot voordeel van haar kinders.
- Vyfdens seën God die bekeerde. Hy gee die wingerde – alles wat sy nodig het, en Hy aanvaar haar weer as sy eggenote.

Die Here het nie ’n klomp voorwaardes aan die Israeliete gestel waaraan hulle mos voldoen voor Hy hulle sou verlos nie. Trouens, hulle het baie gekla en was baie ontevrede.

Toe God hulle egter verlos het, het Hy hulle die regte leefwyse in sy huwelikskontrak geleer (Tien Gebooie). Nou MOET hulle reg lewe.

So is God se genade ’n werklikheid vir elke ongehoorsame wat luister as Hy terugroep. ’n Kerk wat luister en die regte dinge doen, hoef nooit vir God bang te wees nie – Hy seën sy gehoorsame kinders.

*Sing: Psalm 66-1:6, 7*

*Dr. HF (Hennie) van Wyk (Bloemhof/Christiana)*